# INHOUDSOPGAWE


| | Bladsy: |
|---|---|
| 1. VISIE EN MISSIE | 1 |
| 2. KONTAKBESONDERHEDE | 2 |
| 3. ONTSTAAN EN GESKIEDENIS VAN DIE SKOOL | 3 |
| 4. TOELATINGSBELEID | 4 |
| 5. BEDIENINGSGEBIED | 5 |
| 6. SKOOLFONDS | 5 |
| 7. VAKKE EN VAKKEUSES | 6 |
| 8. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE | 7 |
| 9. SKOOLDRAG EN LEWERANSIERS | 8 |
| 10. ALGEMENE SKOOLORGANISASIE | 10 |
| 11. SKOOLREëLS | 11 |
| 12. GEDRAGSKODE | 13 |
| 13. SKOOLLIED/SCHOOL SONG | 14 |

# VISIE EN MISSIE VAN HOëRSKOOL DE KUILEN

'n Strewe om 'n hoërskool met effektiewe en gehalte-onderrig te bedryf en opvoeding in vennootskap met die ouerhuis te verskaf.

## 1. MISSIE VAN HOëRSKOOL DE KUILEN

Om die Hoërskool De Kuilen as 'n toonaangewende opvoedkundige instelling verder te ontwikkel deur in die opvoedingstaak:

- ons afhanklikheid te erken teenoor die Allerhoogste God
- in die proses van onderrig en opvoeding gerig te wees op die behoeftes van alle leerders, die gemeenskap en die breë samelewing
- die geleenthede te bied aan al die leerders om te ontwikkel in alle fasette van menswees, sodat hulle die eise van 'n voortdurende veranderende wêreld kan hanteer
- menslike hulpbronne, fisiese geriewe en bestuurstelsels tot maksimale effektiwiteit te ontwikkel en te benut.

## 2. KONTAKBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| STRAATADRES | Kerkstraat<br>KUILSRIVIER<br>7580 |
| POSADRES | Posbus 301<br>KUILSRIVIER<br>7579 |
| TELEFOON:<br>FAKS: | (021) 903 5121<br>(021) 903 0317 |
| SKOOLHOOF: | Mnr. J.H. Mellet |
| ADJUNKHOOFDE: | Mnr. K. Albertyn<br>Mev. C. Wiegand |
| SEKRETARESSES:<br>EPOS: | Mev. H. Dolder (Skool-sekretaresse)<br>admin@dekhs.co.za<br>hnel@dekhs.co.za<br><br>Mev. J. van Staden (Ontvangs & Algemene Navrae)<br>ontvangs@dekhs.co.za<br><br>Mev. J. Neethling (Ontvangs & Aansoeke)<br>jneethling@dekhs.co.za<br><br>Mev. H. Dolder (Aansoeke)<br>aansoeke@dekhs.co.za<br><br>Mnr. J. Conradie (Skoolgelde)<br>jgi@dekhs.co.za<br><br>Mev. L. Badenhorst (Finansies)<br>lbadenhorst@dekhs.co.za |
| SKOOLURE: | 07:45 tot 14:30 Maandag tot Vrydag (uitgesluit Woensdag & Vrydag)<br>07:45 tot 14:00 Woensdag & Vrydag |
| KANTOORURE: | 07:30 tot 14:30 |
| SPORTKANTOOR: | Mnr. G. Spies<br>gabriedkhs@telkomsa.net<br>(021)903 3784 |
| SPORTKANTOORURE: | 08:00 tot 14:00 |

## 3. ONTSTAAN EN GESKIEDENIS VAN HOëRSKOOL DE KUILEN

Teen November 1868, na 'n paar mislukte pogings, is 'n skool begin vir die kinders van die wyn- en groenteboere, die winkeliers en herbergiers van die dorpie op die walle van die Kuilsrivier. Die volgende jaar was daar reeds 38 ingeskrewe leerlinge – van wie maar net omtrent twintig gereeld skool toe gekom het. In 1873 het die skooltjie egter opgehou bestaan, veral omdat die ouers die kinders te dikwels uit die skool gehou het om te ploeg of om op die plase te werk. In 1874 is die skool met groot idealisme heropen en met die aanstelling van mnr. Charles Villet in 1881, het die skool en gemeenskap 'n nuwe era binnegegaan. Op godsdienstige- en kultuurgebied het die begaafde Villet-gesin nuwe lewe in die dorpie geblaas, onder andere deur gereelde musiekkonserte in die skoolgebou.

Van 1892 tot 1905 was die dinamiese mnr. Pieter de Wet die hoof. Die skool het uitgebrei en in 1897 is 'n nuwe skoolgebou (op die perseel van die huidige Shoprite sentrum) vir die 81 leerlinge ingewy.

Van 1906 tot 1951 het die leerlingtal van 118 tot 334 toegeneem. 'n Skoolgebou, wat tans deel uitmaak van die Laerskool De Kuilen, is in 1939 in gebruik geneem. In 1952 het dit die Hoërskool Kuilsrivier geword. Twee-en-twintig jaar later, in Augustus 1961, is die gebouekompleks van die huidige Hoërskool De Kuilen deur die sekondêre leerlinge betrek. Gedurende 2019 is 'n pawiljoen by die skool voltooi.

Die skoolgebou is in 1991 uitgebrei deur die aanbou van 'n nuwe vleuel met klaskamers, 'n nuwe personeelkamer en 'n galery in die saal. Later het gevolg 3 rekenaarlokale, uitbreiding van die sportgeriewe en in 1998 ook 'n veeldoelige aktiwiteitsentrum. Gedurende 2019 is 'n sportpawiljoen voltooi.

Hoërskool De Kuilen is landwyd bekend as 'n skool met 'n trotse tradisie van prestasies op akademiese gebied. Voorbeelde hiervan is matriekleerlinge op die merietelys van die WKOD en prestasies in die Afrikaans- en Wiskunde-olimpiades.

Ook op kultuurgebied is De Kuilen een van die top skole in die Wes-Kaap met gereelde pryswenners in eisteddfods in sang, koorsang en voordrag. De Kuilen se redenaars en debatteerders het ook reeds verskeie provinsiale en landwye kompetisies gewen.

# 4. TOELATINGSBELEID

**INLEIDING**
As statutêre verkose liggaam, verteenwoordigend van die ouergemeenskap,is die beheerliggaam verantwoordelik vir die bepaling van die toelatingsbeleid van die skool. In sy hoedanigheid as lid van die beheerliggaam, is die skoolhoof verantwoordelik vir die uitvoering daarvan in die praktyk.

Die toelatingsbeleid is gebaseer op die strewe en doelstellings van die skool. Dit is gerig op die handhawing van standaarde en norme, behoud van die skool se etos en die optimale verwesenliking van die skool se potensiaal.
'n Leerder kan tot die skool toegelaat word indien hy/sy voldoen aan die vereistes en riglyne hieronder beskryf en neergelê en as sy/haar ouer(s)/voog(de) die ingeslote beleid goedkeur, bereid is om hom/haar daarby neer te lê en bereid is om sy verpligtinge/verantwoordelikhede dienooreenkomstig na te kom.

Leerders wat reeds ingeskryf is en hul ouers/voogde word nie van die toelatingsvereistes en - voorwaardes uitgesluit nie.

**LEERDERTAL**
'n Jaarlikse inname wat verband hou met die kapasiteit van die skool word toegelaat ten einde optimum standaarde te handhaaf.

**TOELATINGSPROSEDURE**
Met aansoek word die volgende voorgelê:

- 'n Voltooide aansoekvorm met die nodige stawende dokumente soos deur die skool aangevra

Met toelating moet die volgende, op die leerder se eerste skooldag, by die skool ingehandig word:

- 'Oorspronklike oorplasingsvorm van vorige skool (CEMIS-vorm van WKOD)
- 'n Gesertifiseerde afskrif van die jongste rapport

**TAALBELEID**
As dubbelmedium skool word onderrig in Afrikaans en Engels aangebied. Onderrig sal derhalwe afwisselend in beide tale aan een groep aangebied word. Waar dit egter prakties haalbaar en bekostigbaar is, sal onderrig aan afsonderlike groepe in Afrikaans of Engels aangebied word.

**OUDERDOM**
Die aansoeker moet 'n ID-dokument of geboortesertifikaat by aansoek voorlê. Die ouderdom van die aansoeker moet onder normale omstandighede binne 'n tweejaargrens van die gemiddelde klasouderdom val.

**BEPALINGS BY TOELATING**

1 Die skool sal in sy wese 'n Christelike karakter hê en die lewensopvatting waarbinne alle onderrig en interaksie in die skool plaasvind, sal Christelik gefundeer wees.

2 Aansoekers moet die gedragskode en skoolreëls aanvaar en hulle met die skoolbeleid vereenselwig, by bestaande skoolgebruike aanpas, die personeel se gesag aanvaar en eerbiedig en met daadwerklike betrokkenheid die skool se belange help bevorder.

3 Ouers/wettige voogde van aansoekers moet die skool se gesag in die toepassing van dissipline erken, hulle vereenselwig met die etos van die skool, hulle beywer vir die verwesenliking van die skool se doelstellings en hul medeverantwoordelikheid vir die daarstelling van fasiliteite nakom.

4 Die skool mag in geen opsig by politieke optrede van watter aard ook al betrek word nie. Leerders wat na die oordeel van die skoolhoof en beheerliggaam aan enige georganiseerde wegbly-aksie ten opsigte van skoolbedrywighede deelneem, maak hulle skuldig aan die oortreding van die skoolreëls.

5 Van ouers/wettige voogde word verwag om hul geldelike verpligtinge teenoor die skool na te kom.

6 **'n Leerder sal slegs vir toelating oorweeg word nadat die ouers alle vereiste dokumentasie voorgelê en onderteken het.**

7 Aansoekers sal skriftelik in kennis gestel word of die aansoek suksesvol was of nie.

## 5. BEDIENINGSGEBIED

Voorkeur word aan aansoekers gegee wie se ouers/wettige voogde eienaars of wettige huurders is van eiendom binne die volgende woonareas:
Amandelrug, Amandelsig, Annandale, Bosonia, Brandwag, Brantwood, De Kuilen, Eikenbosch, Elim, Haazendal Jagtershof, Jakarandas, Klipdam, Kloofzicht, Louchamante, Mabillepark, Mikropark, Rouxville, Silveroaks, Soneike, Sonnekuil, St Dumas, Turtle Creek, Vredelust, Zevendal, Zevenwacht Country Estate, Zevenwacht Farm Village, Zevenzicht.

- Ons verwys na die aangepaste amptelike Toelatingsvereistes van die Beheerliggaam: 16 Januarie 2010.

## 6. SKOOLFONDS

**VERPLIGTE SKOOLGELD**

Die bedrag betaalbaar word jaarliks deur die Beheerliggaam vasgestel en is betaalbaar op 'n eenmalige of maandelikse basis.

## 7. VAKKE EN VAKKEUSE: 2022

| **JUNIOR SEKONDêRE KURSUS: GRAAD 8 & 9** | |
|---|---|
| DIE VOLGENDE VAKKE IS VERPLIGTEND: | |
| | KOMPONENTE |
| TALE | AFRIKAANS & ENGELS |
| WISKUNDE | |
| NATUURWETENSKAPPE | FISIESE & LEWENSWETENSKAPPE |
| SOSIALE WETENSKAPPE | GESKIEDENIS & GEOGRAFIE |
| EKONOMIESE BESTUURSWETENSKAPPE | |
| KREATIEWE KUNSTE | 2 VAN DRAMA/KUNS/MUSIEK/DANS* |
| TEGNOLOGIE | |
| LEWENSORIëNTERING | |

**Kan moontlik verval*

| **SENIOR SEKONDêRE KURSUS: GRAAD 10, 11, 12 - FUNDAMENTELE VAKKE** | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | **2** | **3** | **4** |
| Afrikaans Huistaal | Engels Huistaal | Wiskunde | Lewensoriëntering |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal | Engels Eerste Addisionele Taal | Wiskundige Geletterdheid | |

| **KEUSEVAKKE (Kies een uit elke groep)** | | |
|---|---|---|
| **GROEP 5** | **GROEP 6** | **GROEP 7** |
| Lewenswetenskappe<br>*Geografie**<br>Bedryfstudies<br>Verbruikerstudies<br>Ingenieursgrafika & Ontwerp | Fisiese Wetenskappe<br>Lewenswetenskappe<br>Rekenaartoepassingstegnologie<br>Bedryfstudies<br>*Geskiedenis **<br>*Toerisme **<br>** Moontlike verandering vir 2023* | Geskiedenis<br>Rekeningkunde<br>Verbruikerstudies<br>Visuele Kunste<br>Toerisme<br>*Geografie** |

**AANGAANDE DIE VAKKEUSE:**

- 'n Leerder wat FISIESE WETENSKAPPE neem, moet ook WISKUNDE neem (WKOD Assesserings Bestuursminuut 0007/2016).
- Musiek kan vanaf gr. 8 as vak geneem word mits die leerder Graad II-standaard bereik het in praktiese en teoretiese werk. Onderrig in enige simfoniese instrument, uitgesonderd klavier en blokfluit, kan by die Hugo Lambrechts Musieksentrum in Parow as eksamenvak of byvak geneem word. Aansoeke geskied deur die skool se musiekdepartement.
- Praktiese Musiek as tweede musiekvak kan in die Senior Sekondêre Kursus aangebied word. Tree in hierdie verband met die skool in verbinding.
- Leerders kan ook Musiek as byvak neem in soverre dit ingepas kan word. Keuring geskied deur die Musiekdepartement.
- Lewensoriëntering (Fisiese Ontwikkeling) is verpligtend vir alle leerders wat nie om mediese redes vrygestel is nie. Indien 'n leerder tydelik nie kan deelneem aan die oefeninge nie, moet hy/sy 'n brief van die ouer of 'n mediese sertifikaat ter verduideliking voorsien.
- Voorligting word gegee deur die Lewensoriëntering-Opvoeders. Ouers word uitgenooi om vak-, studie- of ander verwante probleme te kom bespreek. Leiding ten opsigte van studie, vak- en loopbaankeuse word op geskikte tye individueel en in groepverband aan die leerders gegee.

## 8. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

Deelname aan die buite-kurrikulêre program is in belang van die gesonde en gebalanseerde ontwikkeling van elke kind en ouers behoort hul kinders hiertoe aan te moedig. Daar word van leerders verwag om by een sportaktiwiteit per seisoen en een kultuuraktiwiteit of vereniging in te skakel.

| **Sportsoorte aangebied is:** | |
|---|---|
| Atletiek | Hokkie |
| Tennis | Rugby |
| Krieket | Netbal |
| Gholf | Muurbal |
| Landloop | Sokker |
| | |
| **Verenigings en ander kultuur aktiwiteite is:** | |
| VCSV | Eisteddfod |
| Skoolkoor | Debat (ATKV) |
| "Sandwich Day"-komitee | Skoolkoerant (Potenti) |
| Skaak | Green Cross |
| Redenaars (ATKV) | Spel-a-thon (ATKV) |
| **Noodhulp:** | |
| Vir leerders wat belangstel, word in samewerking met die plaaslike Noodhulpliga 'n kursus aangebied. Leerders kan langs dié weg volwaardige kwalifikasies verwerf. | |

## 9. SKOOLDRAG EN LEWERANSIERS

| SEUNS | Somer | Winter |
|---|---|---|
| | Kleurbaadjie<br>Wit oopknoop-kortmouhemp / wit toeknoop-skoolhemp<br>Grys broek, kort of lank<br>Grys skoolkouse (geen wit sokkies)<br>Swart toeryg-skoolskoene<br>Skool oortrektrui (opsioneel) hemp ingesteek onder oortrektrui<br>Groen skooltrui (opsioneel), hemp ingesteek onder skooltrui<br>Reënbaadjie (opsioneel)<br>**GEEN SPORTBAADJIE** | Kleurbaadjie (verpligtend)<br>Wit toeknoop-skoolhemp<br>Skooldas<br>Dieselfde grys broek, kouse en skoene as somer<br>Groen skooltrui (opsioneel) slegs saam met kleurbaadjie; hemp ingesteek<br>Skool oortrektrui (opsioneel) slegs saam met kleurbaadjie<br>Reënbaadjie (opsioneel)<br>**GEEN SPORTBAADJIE** |
| **DOGTERS** | Kleurbaadjie<br>Groen skoolromp (nie meer as 4cm bo knie)<br>Pasgemaaktedameshemp (beskikbaar by Sege Sport)<br>Wit enkelsokkies (omgevou)<br>Swart skoolskoene (toeryg of met bandjie oor voet)<br>Wit of donkergroen haarlinte / haarrekkies<br>Skool oortrektrui (opsioneel), hemp ingesteek onder oortrektrui<br>Groen skooltrui (opsioneel), hemp ingesteek onder skooltrui<br>Reënbaadjie (opsioneel)<br>**GEEN SPORTBAADJIE** | Kleurbaadjie (verpligtend)<br>Groen skoolromp/grys langbroek (albei het ritssluiter in die sy)<br>Wit toeknoop-skoolhemp (ingesteek by romp of langbroek)<br>Skooldas<br>Swart sykouse/"tights" (grys skoolsokkies by langbroek)<br>Swart skoolskoene<br>Groen skooltrui (opsioneel) (slegs saam met kleurbaadjie)<br>Skool oortrektrui (opsioneel) (slegs saam met kleurbaadjie), hemp ingesteek<br>Reënbaadjie (opsioneel)<br>**GEEN SPORTBAADJIE** |
| **SPORT** | Atletiek | Seuns: Skool atletiekfrokkie en groen atletiekbroekie<br>Meisies: Skool sporthemp sonder moue en groen atletiekbroekie |
| | Tennis/Muurbal | Skool sporthemp en skool sportbroek |
| | Krieket | Wit skoolhemp of skool sporthemp, wit langbroek/skool-sportbroek met sportkouse |
| | Netbal | Skool sporthemp sonder moue, netbalromp, kort wit sokkies |
| | Hokkie/Sokker | Meisies: Skool sporthemp met moue, hokkieromp en sportkouse<br>Seuns: Skool sporthemp met moue, skool sportbroek en sportkouse |
| | Rugby | Groen broekie en skooltrui, sportkouse |
| | Gholf | Skool sporthemp, donker broek |
| ALLE ITEMS MOET DUIDELIK GEMERK WEES | | |

**LEWERANSIERS**

Die voorgeskrewe drag is beskikbaar by DE JAGERS, Kuilsrivier.

Sekere items is beskikbaar by die skool en tweede handse klere is by die skool se klerebank beskikbaar.

**VOORKOMS**

1. Leerders moet te alle tye voldoen aan die standaarde van netheid en higiëne soos aanvaarbaar vir die personeel van die skool. (Verwys na die aangepaste beleid, van krag sedert 1/1/2017)
2. Hare moet altyd netjies en skoon wees.
3. Skooluniform en sportdrag moet altyd netjies en skoon wees.
4. Skoene moet daagliks gepolitoer word.
5. SEUNS: Hare in die nek mag nie aan die kraag raak nie, mag nie 'n "step" vorm nie en……. Kuiwe mag nie laer as die wenkbroue wees nie en hare mag nie aan die ore raak nie.
6. Seuns moet daagliks skoon geskeer wees. "Sideburns" mag nie langer as die middel van die oor wees nie.
7. DOGTERS: Lang hare en haarverlengings moet netjies vasgemaak word. Kuiwe mag nie laer as die wenkbroue wees nie.
8. Algemeen
    - "Tomy" tekkies en "pumps" word nie toegelaat nie.
    - Slegs voorgeskrewe skooldrag word toegelaat.
    - Geen jasse, ander baadjies of serpe, "beanies" of handskoene mag saam met skooldrag gedra word nie.
    - Slegs die De Kuilen reënbaadjie mag bo-oor die skoolbaadjie aangetrek word.
    - Naels: slegs deurskynende, kleurlose naellak word toegelaat.
    - Naels moet te alle tye kort en netjies wees.
    - Geen grimering word toegelaat nie. ("foundation" word nie toegelaat nie)
    - Haartoebehore bv. knippies, rekkies, ens.:
        - moet pas by haarkleur of moet wees wit of donkergroen (nie ligte groen)
        - geen groot ornamentele blomme of strikke/breë kopbande toegelaat
    - Geen ringe, arm-, enkel- of halsversierings buiten 'n horlosie en/of allergieplaatjie mag gedra word nie.
    - Slegs 1 paar oorringetjies ("sleepers") of knoppies ("studs") mag in die onderste gaatjie van die oorskulp gedra word. (geen "diamante-" of "pêrel" oorbelle)
    - Geen "piercings" behalwe oorbelle (sien bo) word toegelaat nie
    - Geen helderkleurige onderklere of kamisool onder wit hemp nie
    - Geen sigbare tattoeërings op enige deel van die liggaam nie – dit moet onder kleredrag verberg wees
    - Skooluniform en sportdrag moet korrek wees voor en na skool, binne en buite die skoolterrein en tydens buitemuurse bedrywighede
    - Indien 'n leerder nie die voorgeskrewe drag dra nie, kan strafpunte toegeken word
    - Indien 'n leerder as gevolg van onvoorsiene omstandighede nie die voorgeskrewe skooldrag dra nie, moet 'n skriftelike verskoning na die betrokke graadhoof geneem word gedurende admin-lesuur van die betrokke dag.
    - Ontoelaatbare juwele en kledingstukke mag gekonfiskeer word.

## 10. ALGEMENE SKOOLORGANISASIE

### GRAADHOOFSTELSEL
Die leerders in 'n bepaalde graad ressorteer direk onder 'n graadhoof. Benewens sy/haar ander pligte, is die graadhoof direk gemoeid met die leerder se skoolbywoning, akademiese vordering en hantering van dissiplinêre optrede van minder ernstige aard. Hy dien as belangrike skakel tussen die hoof en die leerders en tussen skool en ouers. Veral nuwe leerders word aangemoedig om probleme met hul graadhoof te bespreek.

### SKAKELING MET DIE SKOOL
Vir doeltreffende onderwys is openhartige kommunikasie tussen huis en skool noodsaaklik. Moet dus nie huiwer om die skool te skakel en sake te bespreek met die skoolhoof, adjunkhoof of graadhoof nie. Maak ook gebruik van die voorligtersopvoeder se kundigheid oor vak- of beroepskeuse, studievaardighede en probleme van persoonlike of maatskaplike aard.

### BYWONING
Dit is absoluut noodsaaklik dat leerders skool gereeld bywoon. Indien 'n leerder om 'n werklik ernstige rede afwesig is, moet die ouer op die oggend van afwesigheid die skool skakel. Sodra die leerder terugkeer skool toe, moet 'n brief ter verduideliking vanaf die ouer of ‘n mediese sertifikaat, by die betrokke graadhoof ingegee word.

### HANDBOEKE EN SKRYFBOEKE
Elke leerder word van die nodige hand- en skryfboeke en tuiswerkdagboek voorsien. Handboeke word versigtig hanteer, met plastiek oorgetrek en kant-aantekeninge en onderstreping mag slegs met potlood geskied. Elke leerder moet sy/haar naam, graad en klasseksie op die bepaalde plek voor in die boek skryf.

### SAKREKENAAR
Ooreenkomstig Departementele voorskrifte en sillabusvereistes moet alle leerders wat Wiskunde aanbied oor 'n geskikte sakrekenaar beskik. Voordat u egter een aankoop, wag asseblief totdat u kind ingelig is oor die funksies waaroor dit moet beskik en die modelle wat geskik is vir die doel.

### BOEKTASSE
Die boektas (swart of bottelgroen met geen slagspreuke) is deel van die uniform en moet dus netjies en skoon wees. Slegs stewige sakke met handvatsels of rugsakke met baie stewige versterkings binne word toegelaat. Buite op mag slegs die leerder se naam geskryf wees. Geen slagspreuke, gekrap of plakkers mag op die tas aangebring word nie.

### STUDIETYE
Indien 'n leerder op hoërskool sukses wil behaal, moet hy/sy vaste daaglikse studietye hê. DAAROM IS DIT NOODSAAKLIK DAT OUERS BEHOORLIK TOESIG UITOEFEN BY DIE HUIS. Ons wil voorstel dat leerders die volgende tyd daagliks aan tuiswerk en studie sal bestee. In sommige gevalle sal selfs meer tyd nodig wees:

| | |
|---|---|
| Gr. 8 en 9 | : 3 uur |
| Gr. 10 | : 3 tot 4 uur |
| Gr. 11 en 12 | : 4 tot 5 uur |

## 11. SKOOLREëLS

### SKOOLBYWONING

1. Leerders is verplig om die skool op elke skooldag tydens die vasgestelde skoolure by te woon.
2. 'n Leerder mag nie gedurende skoolure uit 'n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat sonder skriftelike verlof van die graadhoof nie.
3. In die geval van afwesigheid moet die ouer of voog die rede vir afwesigheid per brief aan die graadhoof verstrek.
4. Die leerder moet altyd by sy/haar terugkeer 'n brief van die ouer aan die graadhoof gee gedurende die administratiewe lesuur.
5. Laatkommers meld by Ontvangs/T-klas aan en daarna by die verantwoordelike graadhoof voordat hulle na hul klaskamers gaan.
6. Gedurende eksamentye geld dieselfde reëlings as bostaande tensy deur die skoolhoof anders gereël.
7. As die leerder afwesig is wanneer 'n eksamen afgelê moet word, moet 'n mediese sertifikaat ingelewer word.
8. As 'n leerder afwesig is wanneer 'n kwartaaltoets geskryf word, moet 'n brief van die ouers of 'n mediese sertifikaat, voorgelê word.

### GEDRAG EN OPTREDE

1. 'n Leerder mag nie enige iemand se liggaamlike welsyn benadeel of in gevaar stel nie en mag nie, terwyl hy/sy onder die skool se toesig is, wapens, artikels of stowwe wat liggaamlike beserings kan veroorsaak, in sy/haar besit hê nie.
2. Geen leerder mag op die skoolterrein, in die skoolgebou, terwyl hy/sy onder die skool se toesig is of waar hy/sy as leerder van die skool geëien kan word, sigarette en/of dwelmmiddels gebruik en alkoholiese drank of aanstootlike leesstof of materiaal in sy/haar besit hê of aan ander verskaf nie.
3. Onaanvaarbare of onsedelike gedrag op die skoolgrond en/of tydens skoolaktiwiteite word ten strengste verbied.
4. Geen leerder mag op enige wyse die naam van sy/haar skool in diskrediet bring gedurende of buite skoolure nie.
5. Kru taal, klipgooiery, rowwe speletjies, bakleiery en afknouery word verbied.
6. Die intimidasie van personeel en/of ander leerders word verbied.

### EIENDOM

1. Skooleiendom, of enigiets in die skoolgebou of op die skoolterrein wat die eiendom is van iemand anders, mag nie beskadig, ontsier, besoedel of wederregtelik verwyder word nie.
2. Leerders mag geen fasiliteite of toerusting van die skool, met inbegrip van dié wat vir sport gebruik word, buite skoolure sonder die toestemming van die skoolhoof gebruik nie en mag nie na skoolure sonder verlof die skool se terrein betree nie.

**GEDRAG IN DIE OPENBAAR**

1. Die gedrag van leerders, binne en buite die skool, moet te alle tye onberispelik wees en in ooreenkoms met etos/gedragskode van die skool.

**VERVOER- EN VERKEERSREëLS**

1. Skool- en enige ander vervoer moet netjies en skoon gelaat word na gebruik.
2. 'n Vasgestelde tarief/fooi kan gehef word wanneer skoolvervoer gebruik word.
3. Leerders mag nie by die hoofingang na die skool afgelaai word nie, maar wel op die terrein by ingang naaste aan die rolbalbaan in Kerkstraat.

**SPORT**

1. Leerders se gedrag moet te alle tye tydens sportdeelname onberispelik wees.
2. Leerders mag nie laat opdaag vir oefeninge, wedstryde en vervoer nie.
3. Leerders se sportdrag moet altyd korrek en netjies wees. Met wegwedstryde dra leerders die korrekte skooluniform, tensy anders gereël.
4. Onttrekking aan 'n wedstryd as gevolg van byvoorbeeld siekte, moet by die afrigter aangemeld word laastens die aand voor 'n wedstryd, sodat alternatiewe reëlings getref kan word.
5. Alle beserings moet onmiddelik by die afrigter aangemeld word.

**ALGEMEEN**

1. Tydens afkondigings oor die interkom, mag leerders nie praat, boeke wegpak of rondbeweeg nie.
2. Leerders mag nie in die personeelkamer en kombuis wees sonder toestemming nie.
3. Leerders mag Ontvangs slegs vir amptelike redes besoek.
4. Slegs skoollapelwapens word toegelaat.
5. Leerders mag nie ryloop terwyl in skooluniform nie.
6. Waar leerders ook al met Hoërskool De Kuilen geassosiëer kan word, moet hul gedrag en optrede die skool tot voordeel wees.
7. Leerders mag nie tydens periodes eet nie. Kougom is ten strengste verbode in die skool.
8. Leerders mag nie op enige manier by party-politiek betrokke wees op die skoolterrein nie. Leerders mag ook nie betrokke wees by enige georganiseerde wegbly-aksie tydens skoolure nie.
9. Indien 'n leerder vrywillig aan enige buitemuurse aktiwiteit deelneem, moet hy/sy hom/haar onderwerp aan die al die verpligtinge en/of reëls van sodanige aktiwiteit.

**<u>DISSIPLINêRE OPTREDE:</u> In geval van die verbreking van hierdie gedragskode deur 'n oortreding waarvoor daar nie in hierdie dokument voorsiening gemaak is nie, sal die skoolhoof geregtig wees om enige dissiplinêre stappe te doen wat hy/sy goedvind. Die skoolhoof/adjunkhoof mag ook enige sodanige oortreding na die Beheerliggaam verwys vir optrede.**

# 12. HOëRSKOOL DE KUILEN GEDRAGSKODE

## GRONDSLAG

Christelike beginsels, met ruimte vir ander oortuigings, vorm die grondslag van ons gedragskode. Ons heg veral waarde aan die volgende beginsels:

1. Respek vir elke individu
2. Hoflikheid en verdraagsaamheid
3. Orde, stiptelikheid en selfdissipline
4. Eerlikheid
5. Spanwerk en samewerking

## LEERDERS SE VERWAGTINGE

As leerder van die Hoërskool De Kuilen verwag ek:

1. 'n Veilige, regverdige en ondersteunende opvoedingsomgewing
2. Goeie voorbereiding en onderwys deur opvoeders
3. Geleenthede om vermoëns en talente te ontwikkel
4. Dat leer ongehinderd plaasvind
5. Geen diskriminasie nie
6. Om eie menings op 'n gepaste wyse te kan uitspreek
7. Die reg op eie geloofs- en kultuuroortuigings
8. Om te weet watter gedrag aanvaarbaar is en wat die gevolge van onaanvaarbare gedrag is.

## ONDERNEMING DEUR LEERDERS

As leerder van die Hoërskool De Kuilen onderneem ek:

1. **Betrokkenheid**:
   Om waar moontlik betrokke te wees by die skool se werksaamhede
2. **Gesag en Selfdissipline**:
   Om gesag te aanvaar wat tot selfdissipline en persoonlike verantwoordelikheid lei
3. **Omgee vir ander**:
   Om vir ander leerders en my opvoeders om te gee
4. **Skooltrots**:
   Om lojaal teenoor die skool te wees, daarna te streef om 'n trots in my skool te ontwikkel en altyd so op te tree dat ander trots op my kan wees.
5. **Skoolbywoning**:
   Om skool getrou by te woon
6. **Skoolwerk**:
   Om my skoolwerk getrou te doen
7. **Skool- en ordereëls**
   Om die skool se reëls stiptelik na te kom

## DISSIPLINêRE OPTREDE

Ek aanvaar dat as ek nie volgens Die Gedragskode vir Leerders optree nie, ek gedissiplineer kan word ingevolge die Dissiplinêre Kode van Hoërskool De Kuilen.

## 13. SKOOLLIED/SCHOOL SONG

Waar Van der Stel se spore lê
uit dae lank verby
Sijonge isikolo sethu es'sthandayo
ukuba s'sbonise indlela

You stand that we may always be triumphant in
your name
Kuze umsebenzi ube yeyona nkolo
Nokuhlonipheka kube yinjongo

This is the banner that we fly
die vaandel wat ons dra
Scire est Potentia
est Potentia